IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 1.10. VOL. 72 PG. 3827-3860.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-04-28

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

72

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 72

(Bladsye 3827 - 3860)

HOF HERVAT OP 28 APRIL 1986.

MNR. JACOBS : Ek verstaan van My Geleerde Vriend al die beskuldigdes is hier in die hof. Ons het kaarte laat kom van die lokaliteit van die verskillende woongebiede in die Vaal Driehoek wat hierso ter sprake is. Ek het vir My Geleerde Vriend een gegee. Ek het ook met sy toestemming - gaan ek vra dat die kaarte ingehandig word as BEWYSSTUK AAR(10).

HOF : BEWYSSTUK AAR(10) is Topo Kadastrale Kaart 1:50,000 2627DB Vereeniging.

MNR. JACOBS : Ek mag net meld op my eie afskrif het ek kringe om daardie gebiede te trek om hulle maklik te kry. Ek het dit nie op die Hof s'n gedoen nie, tensy die Hof versoek dat ek dit doen.

HOF : Ons sal hulle vind. Ons weet waar hulle lê. Gaan dit in by ooreenkoms, die kaart?

MNR. JACOBS : By ooreenkoms.

SIDWELL MOLONTOA, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Vanoggend het jy die geleentheid gehad om die oorspronklike foto-album wat gebruik was toe jy destyds die uitkenning gedoen het - om te kyk of jy daardie persone weer kan uitwys en jy kon dit nie doen nie. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS : No questions.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

ANDRIES FRANCOIS VAN NIEKERK, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n speurder adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie en gestasioneer te Springs? -- Dit is korrek.

Op 20 Desember 1984 het u 'n foto-album, waarin 105 foto's is geneem en getoon aan die vorige getuie? -- Dit is korrek.

... / HOF

HOF : Watter een van die vorige getuies?

MNR. JACOBS : Sidwell.

MR BIZOS : Do I understand that My Learned Friend is going to try to prove an extra-judicial identification where there has been no identification in court?

COURT: It would appear so.

MR BIZOS : I, with the greatest respect, doubt the validity of such evidence or the admissibility of it.

COURT : Well, why would that not be admissible if evidence of an identification parade would be admissible and the policeman tells you "Well, he identified no. 1 or no. 2 on an identification parade"?

MR BIZOS : No, because it is never in itself. I have never had a situation where merely the evidence of the identification parade has been led. I have had evidence where the witness has identified and in order to confirm the reliability of the witness who has made an identification in court, the control situation of the identification parade is led in fairness to - in order to establish the truth, that this is a reliable identification, because it was done under controlled conditions when there were other people present, where the accused was of necessity present if he is pointed out and where controls are instituted and where specific control questions are put. I do not know of this evidence, even on the assumption that one or other of the accused is actually pointed out, whether what happened in accordance to the previous witness whether that is going to take the case very much further any way, but be that as it may, the State may have its own views on the value of the evidence, but I have never had the situation where an extra-judicial identification without the necessary controls has been admitted, where there has

been no identification in court. I think it goes further than the mere weight. I have never come across it, I know of no authority for it, but in general principle I submit with respect it is suspect, on the grounds of admissibility.

HOF : Wat sê u? Laat ons net eers hoor. Gaan die getuie vir ons getuig dat op 'n besondere datum die persoon twee foto's uitgewys het en wil u die foto's inhandig? --

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Is dit toelaatbaar?

MNR. JACOBS : My respekvolle submissie identifikasie wat op foto's plaasvind is toelaatbaar as getuienis.

HOF: Gestel nou u het getuienis voorgelê dat op die besondere datum, die besondere persoon, die getuie, aan hierdie getuie sou gesê het dit is twee persone wat ek gesien het. As die getuie dan self nie meer dit kom herhaal nie, op watter basis sou dit toelaatbaar wees?

MNR. JACOBS : Die getuie het gesê die tydsverloop is so lank, hy kan dit nie meer onthou nie.

HOF : Kom ons maak dit makliker vir u. Sê nou hierdie getuie het by daardie getuie, by die vorige getuie gehoor dit is 'n man met 'n swart baard. Vandag kan die man nie meer onthou, die getuie, dat dit 'n man met 'n swart baard is nie. Sou dit toelaatbaar wees vir hierdie getuie om vir ons te kom vertel dat 'n dag later hy gesê het dit is 'n man met 'n swart baard?

MNR. JACOBS : Dan is dit net 'n beskrywing wat hy gegee het.

HOF : Wat is dit anders as 'n beskrywing? 'n Beter beskrywing, maar 'n beskrywing, 'n foto?

MNR. JACOBS : Nee, ek sien u punt. Die getuie was die geleentheid gegee om na die foto-album te kyk en toe het hy die persoon geïdentifiseer wie se foto daarin is, maar ek besef ... (Hof kom tussenbei)

... / HOF

HOF : Hy het 'n persoon geïdentifiseer, maar al wat hy met die identifikasie sê is, die persoon lyk of is, maar dit is dieselfde as lyk, na die persoon wat ek gesien het. Dit is wat hy met die identifikasie sê. Dit is net soveel as wat hy sê die persoon wat ek gesien het is 'n man met 'n swart baard.

MNR. JACOBS : Ek sal dit daar laat.

HOF : Wil u nog enige ander vrae stel aan die getuie?

MNR. JACOBS : Nee, dit is al.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. JACOBS : Ek roep Dina Molontoa. Dit is die vrou van die vorige getuie Sidwell Molontoa.

DINA MOLONTOA, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Sidwell, is dit jou man en woon julle saam? -- Ja.

Kan jy onthou gedurende Augustus 1984 of daar persone by julle huis gekom het met 'n spesifieke doel? -- Ja.

Wie was die persone? -- Ek konthou die een, Raditsela.

En die ander een of een van die ander? -- Matlole.

Sien jy vir Matlole hier in die hof? -- Nee.

Weet jy wat is sy naam? -- Nee.

Het jy vir Matlole vantevore geken? --Dit was nie die eerste keer wat ek hom ggesien het toe hy daar was nie.

U Edele, dit help nie dat ek die getuie verder daaroor vra nie.

HOF : Wel, ek dink net sy moet 'n bietjie beter kyk of sy iemand hier in die hof sien? -- Nee, ek sien nie die persoon hier nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. JACOBS : Ek roep Emily Modise. Die getuie gaan getuig oor die gebeure op die 3de by raadslid Mofokeng se huis. Dit is 3 September 1984.

MR BIZOS : Is that the Mofokeng who has already given evidence for clarity sake?

HOF : Daar is twee Mofokengs. Watter Mofokeng is dit? Weet u in watter gebied dit is?

MNR. JACOBS : Dit is huis nr. 1150, Sharpeville.

EMILY MODISE, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Op 3 September 1984 was jy die oggend in die straat daar gewees voor raadslid Mofokeng se huis? -- Ja, dit is korrek.

Weet u wat is die raadslid se naam? -- Ja.

Wat is dit? -- Simon Mofokeng.

Weet u wat die adres daar is en die straat se naam? -- 1150 Matsaneng Avenue.

In watter woongebied? -- Putsoastene.

Kan jy vir ons sê binne watter groot dorpsgebied dit val? -- Dit is in Sharpeville.

Hoe laat was dit gewees? -- Tussen 08h00 en 09h00.

Wat het jy opgemerk daar? -- Ek het 'n klomp kinders in die straat gesien staan.

As jy sê kinders, watter ouderdomme is hulle, watter grootte is hulle? -- Tot by 21 jaar oud.

In watter straat was hulle? -- Dieselfde straat Matsaneng.

Wat het hulle gedoen? -- Toe ek hulle gesien het, was hulle besig om te sing in die straat.

Wat sing hulle? -- Ek kon net hoor dat die persone sing, maar ek kon nie die woorde van die lied hoor nie.

Behalwe sing, wat het hulle nog gedoen? -- Hulle het die huis met klippe bestook.

... / Waar

Waar was die mense van die huis op daardie stadium? -- Ek het nie geweet of hulle tuis was en of hulle binne-in die huis was, al dan nie. Ek het toe in die rigting van die kinders gestap tot naby hulle.

En toe? -- Op die stadium wat ek tot by hulle gekom het, het ek een van hulle gehoor sê dat die vroumens van die huis moet uitkom, verwysende na Miriam.

Wie is Miriam? -- Miriam is mev. Mofokeng, die raadslid se vrou.

Ja en toe? -- Terwyl ek nog so staan en kyk, het ek gehoor dat 'n telefoon binne-in die huis lui. Een van die jongetjies daar het toe die draad van die telefoon buite afgeknyp.

Waarmee het hy dit afgeknyp? -- Eintlik afgeruk dat die draad gebreek het.

Die draad, is hy hoog gespan of hoe is hy? Hoe het hy hom bygekom? -- Nee, dit is nie hoog nie. Dit is die een wat teen die muur vasgeslaan is.

Wat gebeur toe? -- Hulle het toe aangegaan met die bestoking van die huis met klippe. Ek het toe op 'n stadium opgemerk dat een van hulle 'n vuurhoutjie deur die venster gegooi het.

Het daar toe begin brand in die huis? -- Ja.

Wat gebeur toe? -- Mev. Mofokeng het toe daardie vuur wat in die gordyn was, dit wilsê die gordyn wat gebrand het met die water doodgeblus.

Kon jy dit sien? -- Ja, ek kon haar sien, want die gordyn was al halfpad gebrand.

Wat gebeur nadat sy die vuur geblus het? -- Die polisie het toe opgedaag. Dit is die "rioting squad". Ek is toe huis toe. Die kinders waarna ek verwys het, het toe ook

gevlug.

Waarheen? -- Hulle het in verskillende rigtings gevlug. Waarnatoe hulle gegaan het, kan ek nie sê nie. Ons het nog daar by die huis buite gestaan, toe ek mense gehoor praat het en sê dat Miriam Mofokeng na my oom se woning toe gevlug het.

Toe die polisie opgedaag het, wat het toe gebeur? Het hulle daar gebly of het hulle weer vertrek na 'n tydjie? -- Ek kan nie sê nie. Ek het nie gesien wat van hulle geword het toe die polisie daar gekom het nie. Al wat ek vir die Hof kan sê is, ek het toe later verneem dat sy by my oom is. Hoe sy by my oom gekom het, kan ek nie sê nie.

Op 'n stadium het die skare weer teruggekeer na die straat toe? -- Ja.

Toe die skare teruggekeer het, was die polisie toe nog daar? -- Nee.

Wat het die skare gedoen toe hulle teruggekeer het? -- Ek het net gesien dat daar swart rook uitgekom het.

Was die huis toe aan die brand gewees? -- Toe ek die rook gesien het, het ek geweet dat daar vuur is wat brand.

En na die huis gebrand het, wat het toe gebeur? -- Ek het toe na my oom toe gegaan om te gaan sien. Die rede daarvoor was was omdat my oom werk toe was.

Wat het van die skare geword nadat die huis aan die brand gesteek is? -- Hulle is toe later weg na hulle daar gesing het.

Weet jy waarheen hulle is of het hulle gesê waarheen hulle is? -- Nee, ek het nie geweet nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

JACK MATONZI, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. FICK : Hierdie getuie sal getuienis gee oor die gebeure

... / van

van die 3de.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mnr. Matonzi, u was 'n raadslid? -- Ja.

Vir wyk 8, zone 12 Sebokeng? -- Dit is so.

Wanneer het u opgehou om 'n raadslid te wees? -- Daar was verkiesings gehou in die jaar 1983. Ek het toe nie deurgekom nie.

U het uitgeval met die November 1983 verkiesings? -- Ja.

Van Januarie 1984 af was u nie meer 'n raadslid nie? -- Ja, dit is so.

Was u bewus gewees van vergaderings wat gehou was deur sekere organisasies in die Vaal Driehoek tydens en voor die verkiesings? -- Ja, ek was.

Watter organisasies was dit gewees? -- Ek het nie geweet wat die naam van die organisasie was nie, maar ek het verneem dat daar vergaderings gehou word by die Roomse Kerk, dit is die Katolieke Kerk in Zone 12, Sebokeng. Op 'n stadium het ek besluit om die vergadering by te woon, waarop ek toe gesê is dat aangesien ek 'n raadslid, mag ek nie soontoe gaan nie.

Was dit voor die November 1983 verkiesings? -- Ja, dit is so.

Het u uitgevind by die plek toe u daar gekom het wie hou die vergadering? -- Ek was voorgekeer deur die kinders by die hek van die persele van die Roomse Kerk, waar die kinders aan my gesê het raadslede is nie welkom hier nie. As ek daar binnekant toe gaan, sal hulle my slaan.

Laat ons die ding eers duidelik kry. Kinders is 'n relatiewe begrip. Hoe groot was die kinders waarvan u praat? -- Tussen die ouderdomme 16 en 18.

Weet u waaroor hierdie vergaderings gegaan het? Wat sou bespreek geword het met die vergaderings?

MR BIZOS : If he did not go into the meeting, it will only be hearsay.

COURT : Unless he saw a placard advertising it.

MR BIZOS : Then perhaps more direct questions could be put in order to avoid the hearsay.

MNR. FICK : Het u enige kennisgewing gekry oor die vergadering wat u nou probeer bywoon het? -- Ja, ek het 'n kennisgewing gekry, want daar was kinders wat die kennisgewings versprei het daar.

Wat het die kennisgewings gesê, waaroor was die vergadering? -- Dit het gesê hulle gaan praat oor die huurgelde.

En hierdie pamflet, het u gelees wat staan op hom, wie het hom uitgegee? Is daar 'n naam? -- Nee, dit word nie geskryf nie.

HOF : Net duidelikheid. -- Behalwe dat daar geskryf staan dat daar 'n vergadering is by die Roomse Kerk.

Was dit 'n kennisgewing van 'n vergadering wat sou plaasvind voor die November 1983 verkiesings of na die November 1983 verkiesings? -- Dit was voor daardie tyd, want ek was nog 'n raadslid.

MNR. FICK : Nadat u uitgeval het as raadslid, weet u van enige ander organisasies wat ook vergaderings gehou het in die Vaal Driehoek? Tot September 1984? -- Daar was vergaderings gehou.

Het u enige kennisgewings gekry van die vergaderings? -- (Dit is belangrik vir die Hof se inligting om te verneem dat die getuie is eintlik Shangaansprekend. Hy het verkies om Zoeloe te praat. Sy Zoeloe is 'n bietjie moeilik. Dit is die rede dat ek hom twee keer moet vra omdat ek nie verstaan presies wat hy wil sê nie.

HOF : Wil u nie liewer in eie taal Shangaan praat nie? --

.../ Ek

Ek sal verkies om Zoeloe te praat, want die meeste mense in hierdie hofsaal verstaan nie Shangaan nie. Ek wil hê hulle moet weet wat ek van my mond af gesê het direk, want ek wil die waarheid praat.

Nee, dit is goed. -- Hulle het nie na 'n spesifieke huis toe gegaan om mense te nooi om die vergadering by te woon nie. Al wat daar bekend gemaak was was dat dit bekend gemaak word aan die inwoners van die gebied dat daar 'n vergadering gehou gaan word.

MNR. FICK : Het jy enige van die vergaderings wat so bekend gemaak is, bygewoon?-- Ek het my onttrek van hierdie vergadering op hierdie stadium, want die enigste vergaderings wat ek gehad het, was die vergaderings wat ek self aangekondig het, wat ek self gehou het met die mense. By hierdie vergaderings het ek alreeds daarvan geweet dat raadslede nie nodig was nie. Dus op hierdie stadium het ek geen belang gestel nie.

Kom ons los die vergaderings dan nou heeltemal uit. Op 3 September 1984 die oggend vroeg was u op pad na u huis toe? -- Dit is so.

Waar is u huis? In watter woongebied? -- Gebied 12.

Sebokeng? -- Sebokeng.

Van waar het u gekom? -- Ek was op pad vanaf Evaton na Small Farms.

Watter tyd van die oggend het u gery na u huis toe?-- Dit was na 09h00.

Wat het u gemerk toe u by u huis kom? -- Voor ek by my huis gekom het, 'n entjie ver van my woning af, het ek opgemerk dat 'n klomp mense na my huis toe beweeg het.

Wat maak jy toe? -- Ek het direk na die huis toe gegaan, want ek het nie geweet wat gebeur nie. Ek sal vir u sê,

... / my

my huis is geleë aan die buitekant van daardie woonbuurt.

U sien die mense op pad na u huis toe en u gaan nou soontoe. Wat gebeur? -- Toe ek gesê het die mense het na my huis toe gestap, is dit nie dat ek bedoel dat hulle direk na my huis toe gestap het nie, maar hulle het in die rigting van my huis gestap. Met die gevolg toe ek my huis nader, net voor ek by die huis kom, het ek opgemerk dat die mense by my huis verbyloop. Hulle het niks aan my huis gedoen nie.

Waarheen is hulle? -- Hulle het by ʼn ander huis gaan staan. Dit is raadslid Tshabalala.

Hoe ver is hy van u af? -- Dit is die derde huis vanaf die huis wat regoor my huis staan aan my regterkant. Dit wil sê, die huise aan die teenoorgestelde kant van my huis.

Wat gebeur daar? -- Hulle het die vensterruite daar met klippe gebreek. Hulle het toe die asblik daar gevat en dit in die huis gegooi en toe ʼn vuurhoutjie getrek. Die vuurhoutjie wat hulle getrek het, het hulle die gordyn mee aan die brand gesteek.

Om die ding kort te maak, het die huis uitgebrand? -- Nee.

Is die vuur geblus? -- Ek het nie naby gegaan om te sien wat gebeur het nie, maar ek vermoed iemand het die gordyn afgetrek om die vuur te blus.

Los dit nou maar. Toe hulle nou daar klaar is, toe hulle die gordyne aan die brand gesteek het, wat het van hulle geword? Het hulle daar gebly of het hulle weggeloop? -- Hulle is toe weg in die rigting van die winkels.

Hoe ʼn groot groep was dit? -- Ek het nie getel nie, maar hulle was meer as dertig.

Weet u of die raadslid by sy huis was of was sy huis toe? -- Hy het alreeds gevlug.

Die beskuldigdes hier voor die Hof, ken u enige van hulle?

... / Ja

-- Ja, ek ken hulle.

Wie? -- Ek ken twee van hulle.

Watter twee ken jy? -- Mokoena wat saam met my ŉ raadslid was.

Is dit die man wat sit en glimlag nou daar, beskuldigde nr. 6? -- Ja.

En wie is die ander persoon? -- Sam Matlole, bekend aan my as Kokwana.

Beskuldigde nr. 17. Op 1 September 1984 was u by ŉ familielid van u se huis? -- Ja, dit is so.

Waar is die huis? -- In die nabyheid van ons winkels daar.

HOF : Wat se winkels? -- Zone 12 se winkels.

MNR. FICK : Wie is die familielid? -- Mnyane is sy van.

Wie het u in die omgewing van die huis ontmoet? -- Sam het ek daar ontmoet.

U sê Sam en u kyk in die rigting van die beskuldigdes. Is dit beskuldigde nr. 17? -- Ja.

Vir hoe lank ken u al vir beskuldigde nr.17? -- Dit is meer as 20 jaar.

Is u vriende met hom? -- Ja, ons is vriende. Ons kom van dieselfde gebied oorspronklik.

Het u met hom gesels daar toe u hom ontmoet het? -- Ja, ek het.

Waaroor het julle gesels? -- Nadat ons mekaar gegroet het, het hy vir my gesê "As jy nie by UDF aansluit nie, jy sal 'sorry' wees." Ek het dit nie ernstig beskou nie. Ek het gedink hy praat maar net.

Het jy met hom enigsins verder daaroor gepraat? -- Nee, Eintlik was ons ontmoeting nie in die straat gewees nie. Hy was in die perseel langsaan die huis waar ek gekuier het. Ons het mekaar daar ontmoet terwyl hy aan die ander kant van

... / die

die grensdraad was en ook was ek aan hierdie ander kant. Ons het dus met mekaar gepraat oor daardie omheiningsdraad wat 'n grens is daar. Nadat hy dit gesê het, is hy toe in die huis in. Ek het toe ook die huis ingestap.

U het nie meer besonderhede by hom probeer kry later oor wat hy gesê het nie? -- Hy woon te zone 7 en dit is ver. Ek het hom toe nie weer daarna gesien nie. Ek sien hom vir die eerste keer van daardie dag af vandag hier in die hof.

MR BIZOS ASKS FOR A SHORT ADJOURNMENT.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS. COURT RESUMES.

JACK MATONZI. still under oath

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS : Mr Matonzi, Mr Matlole has no recollection of any conversation with you over a fence? -- But he does remember that he came to your dry cleaners shop where you have also a tailor doing alterations? -- He is lying if he says that. At this dry cleaning shop which is a tailor, heccomes there frequently and that is where he has his clothing done whenever there is sewing to be done on his clothing.

He says from time to time he had conversations of a general nature with you because you are from the same area and because he used to come and have his alterations donethere at the tailorshop? -- He is lying when he says we did not speak over the fence. We did speak over the fence. In fact I was sorry after my shop was burnt down. I did not ask him in detail what he meant by saying I will be sorry, because then I would know exactly why he is saying that I was going to be sorry.

When did you first make a statement in this case? -- After the shops were burnt down.

In that statement which you made after the shops were

burnt down.

Did you make any mention about your conversation with Mr Matlole over the fence? -- No, at the time of my making a statement, it was not asked from me whether I had any conversation with anybody. All I spoke about in my statement was what the damage and what it is that was destroyed by this fire.

But were you not a sked whether you suspected anybody or whether you had any information about who might be responsible for the damage to your shop?-- I heard that the children were doing the damage to the busines places and the shops. Therefore I had no reason to think about a particular person whom I can blame for the damage.

When did you for the first time mention this conversation over the fence with Mr Matlole? When for the first time? How long from today? -- That was during November 1983.

That is more than a year after the event? -- Immediately after the shops were set alight I did speak to my employees there about this thing, that if I had asked Kokwana about what he was telling me (Kokwana meaning accused no. 17) I would have at least known what was happening. He must have known about what was going to happen.

Other than your employees, did you not mention it to anybody involved with the investigation of this case until a year had gone bby? -- That is true. Even the investigating people in this case never came to me until one day when I received a notice that I must come to court. Other than that I was never visited by anybody about the investigation.

How long ago did you receive a notice to come to court? -- January 1986.

And when did you come to court for the first time? -- On 23 January. I have been at this court building for eight

... / days

days.

For eight different days? -- Yes.

Before you came to court here, had you mentioned to anyone involved with the investigation of this case of this conversation over the fence? -- Well, I was talking to different people about it. Otherwise I was just accepting that we have suffered the damage and that is the end of it.

Did you ever make any further written statement to anyone? Other than the one that you had originally made? -- Yes, I did.

When did you make a second statement? -- That was in January.

To whom did you make it? -- To a certain White man in this very building in an office outside.

We are now towards the end of April. You told us that you came here on eight occasions. How long before today did you make this statement, the second statement? -- The first day when I came here.

In January? -- Yes, that was in January,

And did you know at the time that you made the statement that Mr Matlole was in custody and charged? -- No, I did not.

You did not know that? -- I did not know that. I have been to his house on some occasions after this incident of the setting alight of the shops in order to go and talk to him about his having said to me I will be sorry, what he meant by that, but they did not tell me, they were secretive about the whole thing.

Do you mean to say that a person such as yourself who had been a councillor, who has taken part in public affairs, did not know that your friend had been arrested? -- I did not

... /know

know, because they were secretive about it.

When did you learn for the first time that he had been arrested? -- I did not know, because even this how it came to be known was in the following manner. I was asked whether I heard anything prior to this incident of the burning of the shops. I then said Sam Matlole said to me "If you do not join the UDF, you will be sorry." I was just mentioning that as what was said to me.

When did you for the first time find out that Mr Matlole was arrested? -- I did not know. I did not even know that in fact these people were arrested. I only saw Sam Matlole who was known to me when I came into this court room. That applies to Mokoena as well. I only came to know about his being here is now when I entered the court room, although of course there are other people amongst them there who are known to me, whose names I do not know. I did not know that they are here either.

Do you not read newspapers? -- I do read them.

Regularly? -- Not always. I am a very busy man. Since I do not have a business there, I am a person who is always travelling.

But did you not know that your fellow erstwhile councillor, accused no. 6, had been arrested? -- I was shocked in fact when I came to know about this after reading from the newspapers, that is after I came to know that accused no. 6's mother had passed away and that accused no. 6 was going to be present at the funeral. It is only then that I came to know that he was arrested, enquiring from people, because he was only known as Mokoena and then there it was referred to him as Petrus Mokoena.

So, you knew that Mr Mokoena was under arrest before you

came to court? -- Yes.

If my memory serves me correctly you told us that you did not know that he had been arrested before you came into court? -- I did not know that he was in custody in this particular case.

Would you mind giving us the address where you were when you were on the one side of the fence and Mr Matlole was on the other side? -- I was at house no. 5227. He as at house no. 5228.

Who lives in 27 and who lives in 28? -- Mnyane lives in 27.

Mnyane who? -- He is just known as Mnyane. I do not know what his first name is.

But you were visiting there. Who was is that you were visiting? -- I was visiting Mnyane.

Yes, but you know, if you visit a person, tell us what is his first name? Is Mnyane his first name or his surname? -- Mnyane is his surname.

What were you doing there? -- He does some upholstery.

What were you doing there? -- I had taken some benches which we use at the shops. These are covered with leather.

And this is the purpose for which you have gone on that day when you say you spoke to accused no. 17, Mr Matlole over the fence. Did you speak to Mr Mnyane personally? -- Yes, I did.

In which zone are these numbers? -- Zone 12.

Can you tell us more or less the time of the day that this conversation took place? -- At about 12h00 midday. I am sure about t he time.

And you are sure about the date? -- Yes.

What date was it? -- It was a Friday

... / And

And the date of the month? -- Friday, on the 29th.

Do you remember that well as well? -- Yes, I would say it was the 29th, because after that day, two days after talking to him, then on the third day the shops were set alight.

But you remember that it was the 29th? -- Yes, it should be the 29th. That is how I remember that. I did not record that.

COURT : Was your shop set alight on the first day of the rioting? --Yes.

MR BIZOS :

Did you ever have a driving school? -- Yes, I did.

Up to when?-- Up to 1976 when I stopped it.

That is a long time ago. You have not done any driving business since then? -- No, I did not.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Kan ons net een ding duidelik kry in verband met die gesprek. Op wat se dag het dit geval?

HOF : Dit was 'n Vrydag.

MNR. FICK : Was dit 'n Vrydag? -- Ja, dit was 'n Vrydag.

HOF : Waar was u winkel wat afgebrand het? -- Zone 12, Shopping Centre.

Het u hom gesien afbrand? -- Ek wou nie eers naby daardie plek gekom het nie, want die paaie was versper gewees met blikke en ander goed.

MR BIZOS ASKS PERMISSION TO PUT ONE MATTER TO THE WITNESS THAT DOES NOT ARISE OUT OF RE-EXAMINATION.

RE-CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS : I want to put to you that there were no meetings in relation to rent before November 1983? -- There was a lot. I personally called four meetings or more.

About the rent increase in 1984? -- That is true.

Whilst you were a councillor? -- Yes.

You are as sure about this as all the other evidence? --

... / Yes

Yes, I am sure of that, because I remember at some stage we refused holding meetings saying how are we going to approach the people when you are sayint the rents are going to be increased. In fact what he said is how are we approaching the people, because we are now to go and stand for elections and at the same time we talk to them about increased rents.

COURT : Did you discuss prior to the election of November 1983 - did you take a certain stand on rent increases? -- It was mentioned that the rents are to be increased. There was some disagreement amongst ourselves about the question of increasing rent.

We have heard in this court that virtually every year was an increase of the rents. I have also heard in this court that the rent increase in September 1984 was a cause of the riots. When you talk of the rent increase, are you talking of that rent increase which is said to be a cause of the riots? -- That is true as far as I am concerned, because the community as a whole did not approve of that that rents be increased. In fact they demanded that we resign, because we are the people who are causing them to pay higher rents.

But I understood that after November 1983 you were not on the council any more, that you were not on the council when the riots occurred? -- That is true.

How could the people then claim or ask that you resign because of the rent increase? -- When I was still a member of the councillors, people were already saying this, that we are puppets and sell-outs, we are the people who are causing the rent increases.

Yes, but now counsel put to you that you called- you said to counsel "I called four more meetings myself in connection with the rent?" -- Yes.

... / Then

Then counsel put to you was it about the rent increase in 1984? -- No, no, then there was probably a mis-understanding from my part. I was talking about during the period I was still a councillor that we had to hold meetings whenever there is something to be discussed and make a report back to the people.

MR BIZOS : Was your shop one of a number of six or eight in a centre? -- Yes, they were in fact nine.

And was the centre as a whole attacked? -- Yes, it was burnt flat.

The whole centre? -- Yes.

COURT : Were they all in one block? -- Eight of them were all in one block. There was one which was standing apart from this block. This was also burnt down.

Did any councillors have any shops there? -- Yes.

How many? -- Two.

Which? -- Councillor Radebe and Councillor John Mokoena.

Each one shop? -- Yes.

NO FURTHER QUESTIONS.

- - - - - - - - - - -

GEORGE TAHEHLA SECHABELA, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is in diens van die Vaal Transportkorporasie, Vereeniging? -- Ja.

U is 'n busbestuurder? -- Ja.

Op Maandag, 3 September 1984 om 05h00 het jy aan diens gerapporteer by Sebokeng? -- Ja, dit is reg.

U opdrag was toe om te ry met 'n bus van Evaton na Bophelong en dan van Bophelong na Evaton via Vanderbijlpark en Boipatong? -- Ja, dit is korrek.

U het uiteindelik met die bus arriveer ongeveer 07h00 by Boipatong daar by die gemeenskapsaal? -- Ja.

... / U

U het daar passasiers afgelaai? -- Ja.

Wat het u gemerk daar by die terminus? Was dit normaal vir u toe u daar mense afgelaai het? -- Dit was nie normaal gewees nie, al het ek nie so goed opgelet wat gebeur nou daar nie.

Wat was nie normaal nie? -- Daar was baie mense gewees. Meer as wat ek gewoond is.

U het toe u passasiers opgelaai en u het weggery? -- Ja, ek het hulle opgelaai.

Wat het gebeur?-- Terwyl ek nog in die bus sit, het ek gehoor dat 'n vensterruit van die bus breek en die mense, dit wil sê, die passasiers het almal op hulle voete gestaan. Daarna het ek meer vensters gehoor breek van die bus, as gevolg waarvan ek die bus in rat gesit het en weggery het.

Wat het daar gebeur? Is die ruite gebreek deur die passasiers? Wat het gebeur? -- Nee, die mense op die grond het die vensters met klippe gebreek.

U jaag toe weg met die bus. Langs die pad, wat het toe gebeur? -- Terwyl ek nog so aangery het, besig om weg te jaag, het ek opgestaan van die sitplek om die klippe te vermy sodat hulle my nie in die gesig moet tref nie. Die mense was besig, die mense by wie ek verbygery het,om die bus met klippe te bestook.

U het toe heeltemal uit Boipatong uit weggery? -- Ja, uit Boipatong uit tot na die hoofpad toe buite die woonbuurt. Dit is waar ek gaan stilhou het.

HOF : Op hierdie stadium, was die paaie skoon of versper? -- Die paaie was skoon.

MNR. FICK : Daar waar u gejaag het? -- Ja.

En toe u buite die woongebied kom, wat het u gemaak met die passasiers? -- Ek het toe ondersoek ingestel om vas te

... / stel

stel of daar nie iemand beseer is nie. Niemand was beseer nie. Ek was ook nie beseer nie. Dit was net ruitstukke wat op die vloer van die bus was.

Het u die passasiers net daar afgelaai? -- Ja, ek het vir hulle gesê ek gaan nie verder nie, ek gaan nou met die bus terug na die depot.

U is toe met die hoofweg om terug na die depot in Sebokeng? -- Ja.

U het toe huis toe gegaan? -- Toe ek by die depot kom, voordat ek ingery het, was daar twee polisiebeamptes wat daar gestaan het wat vir my gevra het wat het gebeur met die bus.

U het hulle vertel en die bus daar geparkeer en u is toe huis toe? -- Ja.

Hoe ver is u huis van die depot af? -- Tussen vier en vyf kilometers.

U woon in gebied 7? -- Ja.

HOF: Waar is die depot? -- Dit is geleë heeltemal aan die kant van die lokasie.

Watter kant? Oos of wes? -- Aan die westelikekkant.

MNR. FICK : Hoe laat was dit gewees toe u begin huis toe stap het? -- Dit was om en by 09h00, maar ek dink dit was voor 09h00.

Soos u gestap het huis toe, het u met een pad huis toe gestap of het u maar heen en weer geloop deur die woongebied? -- Ek het in die middel van die lokasie geloop. Dit wil sê heen en weer met verskillende strate daar.

Hoekom? -- Daar was niks wat beweeg het op daardie stadium nie. Dit was vir my nodig om te voet te stap.

HOF : U bedoel daar was nie huurmotorverkeer nie? --Daar is nie huurmotors van die depot af nie. Dit is busse wat daar gebruik word.

... / MNR. FICK

MNR. FICK : Soos u gestap het, hoe het die paaie se oppervlakte gelyk toe u nou huis toe stap? -- Al wat ek gesien het was baie rook.

Die paaie self, was dit heeltemal oop gewees? Kon daar voertuie ry? -- Van die paaie was skoon gewees. Van hulle nie.

HOF : Watter gebiede het u deurgestap om by u gebied te kom? -- Ek het deur Evaton gestap. Ek het nie deur die gebiede geloop nie.

MNR. FICK : U sê van die paaie was oop en van hulle nie. Die paaie wat nou nie oop was nie, wat was die probleem daar? Hoekom was hulle nie oop nie? -- Daar was brandende buitebande in die strate.

Nog iets? -- Klippe.

Nog iets? -- Dit is al wat ek gesien het daar.

K227 HOF : Die busdepot waar u die bus gelaat het, is dit aan die westekant van Small Farms? -- Ja, dit is in Small Farms.

En toe het u eintlik deur Small Farms gestap en nie deur Evaton nie? -- Ek het deur Small Farms geloop op pad na zone 7.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

SARA NOMAKHOSANZANE MGCINA, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mevrou, u is die eggenote van raadslid John Mgcina? -- Ja.

U is woonagtig in Bophelong? -- Ja.

Op 29 Augustus 1984 die aand was u saam met u twee kinders alleen by die huis? -- Ja, dit is so.

Dit is die aand wat u eggenoot 'n vergadering gaan bywoon het daar in Bophelong? -- Ja.

Terwyl u by die huis was ongeveer 20h00, wat het

... / gebeur

gebeur? -- Ek het 'n geraas gehoor van persone wat vanaf die rigting van die gemeenskapsaal gekom het. Die persone het gesing.

Kan u onthou wat hulle gesing het? -- Ja. Die bewoording van die lied wat hulle gesing het, was oor Siyaya Epitoli, Amandla Awethu.

En toe? -- Toe hulle die perseel binnegekom het van voor af, toe ek dit sien, het ek dit verlaat aan die agterkant saam met die kinders om by die perseel agter my perseel te gaan wegkruip, waar ek myself versteek het saam met die kinders agter die hok van die perseel agter myne.

Wat se hok is dit? 'n Hoenderhok? -- 'n Hoenderhok, ja.

Kon u aflei uit die mense se gedrag wat kom maak hulle daar? Het hulle enigiets gesê? -- Hulle het net hierdie liedere gesing van Siyaya Epitoli en na my huis toe gekom om die vensters te breek wat hulle toe ook gebreek het.

Behalwe die vensters wat gebreek is, het u gesien of daar nog enigiets is wat beskadig is? -- Nee.

U het na 'n ruk, na dit stil geraak het teruggegaan huis toe? -- Ja, ek het.

Wat het u gemerk wat is stukkend? -- Ek was geskok gewees. Al wat ek daar kon sien op daardie stadium was die gebreekte vensters en die gordyne wat af was.

Toe u uitgevlug het, het u gesien of van die mense u gesien vlug het? -- Ek weet nie.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS</u> : Geen vrae.

<u>GEEN VERDERE VRAE</u>.

- - - - - - - - - - -

<u>MICHAEL BUTI SEKOBANE</u>, v.o.e. (Deur tolk)

<u>ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK</u> : U is 'n broer van raadslid Sekobane van Lekoa? -- Ja.

... / Op

Op Sondagaand, 2 September 1984 was u voor die huis van hierdie raadslid Sekobane? -- Ja, ek was daar.

Waar is hierdie huis? In watter woongebied? -- Dit is in Sharpeville.

En waar was die raadslid? -- Hy was uit by die werk.

Wat het u daar gemaak? -- Gewoonlik as hy uit is met die werk het hy 'n boodskap vir my gelaat om af en toe te gaan kyk na die kinders daar by die huis.

U moes daar oppas? -- Ja.

U het daardie nag daar geslaap by die huis? -- Ja.

Die volgende oggend het u wakker geword van wat? -- Dit was as gevolg van die geraas deur klippe wat vensters geraak het en die dak van die huis.

HOF: Hoe laat was dit? -- Dit was om en by 07h00. Dit kan miskien net voor 07h00 of net na 07h00 wees.

MNR. FICK : Is die huis toe beskadig met die klippe? -- Ja en dit was ook aan die brand gesteek.

Terwyl daar klippe op die huis nou val, het u die polisie geskakel? -- Ja, dit is so.

En toe u weer sien toe brand die huis? --Ja.

Was daar enige voertuie buite van u of van u broer, die raadslid?-- Ja, my broer se voertuig was daar buite gewees.

Wat se voertuig was dit? -- Dit is 'n stasiewa wat daar buite gestaan het en die bakkie was in die garage.

Is hierdie stasiewa wat buite gestaan het beskadig? -- Ja, dit was aan die brand gesteek.

Het dit uitgebrand? -- Ja, dit het uitgebrand.

En die bakkie in die motorhuis? -- Ek het net gehoor van die polisie terwyl ek by die polisiestasie was ... (Mnr. Fick kom tussenbei)

Nee, ons kan dit los. Die huis brand toe nou en u het

... / die

die polisie geskakel. Het die polisie opgedaag? -- Nie onmiddellik nie. Hulle het eers gekom nadat ek die tweede keer geskakel het.

Wat het intussen gebeur? Het die klipgooiery nog aangegaan? -- Ja, dit is so.

Die polisie was daar en wat gebeur? -- Die polisie het ons uit die huis laat kom en ons na die polisiestasie toe geneem.

As u sê ons, is dit u en wie nog? -- Dit is ek, my broer se vrou en kinders.

Hoeveel mense het hierdie huis aangeval ongeveer? Het u gesien? -- Dit is moeilik om te sê hoeveel in getal. Al wat ek kan sê is, hulle was baie.

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS : Mr Sekobane, at what time would you say your telephone call to the police was made? -- Soos ek alreeds gesê het - I am sorry, as I have already said the time I estimated was between just before 07h00 or just after 07h00 when the stone throwing started.

Is there a phone in the house?-- Yes, there is.

Did you telephone as soon as the first stone was thrown? -- What happened is, when I got up for the first time as a result of these stones, I rushed to the telephone.

And your second telephone call, when would you say was that made? -- It was after some time after having made the first call that I phoned for the second time.

Could you give us the time more or less? How long after the first telephone call? Half an hour, two hours. -- On realising that we are now dying in this house, I then decided to make a second call to the police. It cannot be an hour.

So, it was less than an hour? -- About thirty minutes.

When was the house set alight? Do you remember more or

less? -- At the time when I was phoning and the stones were being thrown, I then noticed some flames in the dining-room.

Is that the second telephone call? -- It was during the second call. At the time when I was phoning for the first time, there was no fire. It was just stones.

So, the house was set alight a short while after, approximately 07h30? -- Yes.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

GERTRUD NKHIWANE, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is die eggenote van raadslid Michael Nkhiwane? -- Ja, ek is.

Voor die probleme op 3 September 1984 begin het, waar het u gewoon saam met u eggenoot? --Ons het eers in Evaton gewoon en toe verhuis na zone 7 toe.

Op 3 September waar het u toe gewoon? -- Zone 7.

Sebokeng? -- Ja.

U was daardie dag van 3 September 1984 die oggend by u huis? -- Toe wat gebeur het?

Kan ek u so vra, die nag van 2 tot 3 September, het u by u huis geslaap? -- Ja.

Die volgende oggend, hoe laat het u wakker geword?-- Die normale tyd om 05h00.

Nadat u wakker geword het, êrens in die loop van die oggend, is u by u huis weg. Is dit reg? -- Om 08h00 toe hierdie ding begin het, was ek toe weg.

Wat het gebeur ongeveer om 08h00? -- Ek het 'n geraas gehoor in die rigting van die bushalte te zone 7.

Het u gekyk wat daar aangaan? -- Ek het nie gaan kyk nie. Ek het net opgemerk dat mense wat vroeër weg is met die

... / oog

oog om huis toe te gaan, teruggekeer het na hulle huise toe.

Laat ek dit net duidelik kry. As jy dit nou sê, het u gesien die mense kom terug na hulle huise toe of het jy hulle gesien waar hulle weer by hulle huise is? -- Ek het opgemerk dat mense terugkom van die werk af en terselfdertyd het ek opgemerk dat 'n skool wat in die onmiddellike omgewing is, aan die brand is.

Wat maak u toe?

HOF : Was dit om ongeveer 08h00? -- Ja, om en by 08h00, 09h00 se kant.

MNR. FICK : Was dit dieselfde tyd wat u die geraas gehoor het? -- Ja.

Wat maak u toe? -- Ek het toe gevlug uit die perseel uit.

Ek sien die Hof kyk na die kaart. Kan jy net aandui, zone 7, die gebied waar u gewoon het, is dit 7B? -- Ja, zone 7B, wyk 15.

HOF : Wat is die naam van die skool? -- As ek reg onthou was dit Sebokeng College.

MNR. FICK : U het uit die perseel gevlug en wat gebeur toe? -- Ek het my by 'n buurman se huis gaan versteek. 'n Derde huis van my huis af het ek gaan wegkruip.

Het u gesien wat verder daar gebeur vanaf die huis van die buurman? -- Ja, ek het klein kinders gesien, seuntjies, wat oor die stopnonsens gespring het. Van hulle was alreeds op die perseel. Hulle was besig om klippe na die vensters te gooi.

Is u huis toe beskadig? --Ja, want ek het 'n gasyskas gehad. Toe dit begin blaas, het hulle begin om die plek aan die brand te steek.

Het u huis uitgebrand? -- Ja.

Kan u vir die Hof aandui hoeveel mense was daar in die

... / omgewing

omgewing van die huis toe die plek nou brand? -- Ek kan nie sê hoeveel mense daar was nie. Hulle was baie, maar ek het twee kinders herken. Dit is die twee wat my huis aan hierdie klomp uitgewys het. Ek het hulle gesien. Ek ken hulle.

Die kinders wat u van praat, hoe groot is hulle? -- Dit is 'n seuntjie wat destyds omtrent 13 jaar was. Die ander een was 'n bietjie ouer, ek skat om en by 15.

Die klomp is nou daar en die huis brand, wat het jy verder gesien wat word van die groep? -- Toe die huis aan die brand geslaan het, toe ek dit sien, het ek bewusteloos geraak.

Flou geraak? -- Ek het daar geval en my bewussyn verloor.

<u>CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS</u> : Mrs Nkhiwane, you told His Lordship that the time the trouble started it was at 08h00 and then you said some time between 08h00 and 09h00? -- When talking about 08h00, I am talking about the noise I heard that was at about 08h00.

The school, the Sebokeng College that you spoke of, did that happen near 09h00? -- You see, what I mean is, no one knew what was happening there in that area, whether there was schooling or not.

<u>COURT</u> : Counsel wants to know when you saw that the school was on fire, what time was it then? -- It was between 08h30 and 09h00.

<u>MR BIZOS</u> : And your own house, when did that go on fire? -- Almost the same time at about 09h00.

<u>COURT</u> : How far is the school from your house? -- (Witness indicates distance)

<u>MR BIZOS</u> : Is it correct that the school is some four blocks away from your home? -- No, that is not so.

<u>COURT</u> : Is it nearer than four blocks? -- Yes.

<u>MR BIZOS</u> : How many blocks? -- From my house, counting my

... / street

street, it is one, two, on the third street at the corner is the school.

Three blocks away.

COURT : Not necessarily. Let us stick to the corner of the third street.

MR BIZOS : Is the school visible from your house? -- Yes, I used to see it.

And you told us that you saw the smoke at what time? Between 08h30 and 09h00? Or later? -- I do not understand what the question is.

Do you really know the times when these things were happening as a result of the shock that you were really suffering? -- Yes, I do.

At what time would you say your house went up on fire? --I say it was between 08h30 and 09h00.

And you described the people that you saw there in the street as "seuntjies"? -- Yes, that is what I said.

If you were to estimate the age group, what would you say how old were these "seuntjies"?

COURT : Actually she said "kinders", children. -- I have mentioned the ages of the two that I knew what their ages were.

You also told us that children were jumping over the "stopnonsens". -- Those were elder ones than the two I mentioned. I would not be able to say what their ages were, because I was far from them and secondly, they were not known to me.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

MNR. FICK VRA VIR 'N KORT VERDAGING.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MNR. FICK : Dit is my opdrag om te vra vir uitstel tot 1 Mei,

... / dit

dit is Donderdag. Die redes is die getuies wat die Staat mee kon aangaan het ons mee aangegaan. Die persone wat hier buite sit is nie gekonsulteer mee nie. Hulle is nou eers begin om gekonsulteer te word. Die ander probleem wat die Staat het is die volgende getuies wat getuig of wat kom getuig kom van ver plekke, dit is van die 31 plekke wat in die akte van beskuldiging, bladsy 79, genoem word.

HOF : Ek het natuurlik al vanaf September daarop aangedring dat oor hierdie saak sake ooreenkoms bereik word. Ek kan my nie indink dat daar 'n twis kan wees dat iemand in 'n ver plek 'n klip gegooi het na 'n bus nie.

MNR. FICK : Nee. Die getuienis wat die Saat sal aanbied van die getuies wat van daardie ver plekke af kom, sal wees oor die pamflette wat daar versprei is, die vergaderings wat daar gehou is, baniere en die tipe van goed.

HOF : Maar u het op 'n stadium vir ons vertel dat videobande vertoon moet word waarna ons sal moet kyk. Ek het op 'n stadium aan u gesê dat dit miskien raadsaam is dat u vir ons 'n aanduiding gee van watter dele van die dokumentasie vir u van belang is. Ek kan my nie indink dat ons moet verdaag tot 1 Mei en tussenin niks doen nie. Dit is vandag Maandag en 1 Mei, as ek dit reg het, is Donderdag.

MNR. FICK : Dit is reg. Die persone oor die video's, is ook getuienis wat ons moet aanbied, maar die mense wat die Staat moet roep is almal mense wat nie plaaslik is nie, wat oor die hele land kom.

HOF : Dan moet hulle maar oor die hele land kom. Waarom moet ons staan en wag tot Donderdag vir hulle?

MNR. FICK : Die Staat het nog nie met hulle gekonsulteer nie.

HOF : U hoef nie te konsulteer nie. U gaan vir ons die video's vertoon. Dit is wat u vir ons vertel het.

MNR. FICK : Dit is korrek. Mnr. Jacobs gaan daardie deel van die getuienis aanbied.

HOF : Wel, is daar nie een van julle wat vir ons kan sê wat belangrik is in die dokumentasie wat intussen erken is nie?

MNR. FICK : Ons werk daaraan ook. Ons het al begin daarmee maar dit is 'n verskriklike omvangryke taak.

HOF : Ek is verbaas, want ek sou gereken het dat die dokumentasie alreeds lankal gemerk moes wees voordat u die akte van beskuldiging opgestel het. U kan nie nou vir my sê dat u nog nie weet wat is belangrik in die dokumentasie wat erken is nie. Wat is u houding, mnr. Bizos?

MR BIZOS : My Lord, we object to the granting of an adjournment. We are surprised, with the greatest respect, that for an offence which is said to have taken place in the beginning of September 1984, that witnesses are only being consulted with now. One would have thought that an indictment is drawn on the basis of the information placed before the Attorney-general at the time of the arrest of the accused and not some eighteen months afterwards. I submit with the greatest respect that we, having regard to the fact that the accused are in custody, have lost no opportunity to proceed with the trial as expeditiously as possible. We have not asked for adjournments and we submit that Your Lordship will refuse the application for an adjournment. If there are witnesses here, whether they are somewhere else, let them come so that we can go on with the case. We cannot understand this sort of application. No notice was given to us whatsoever. I actually thought when My Learned Friend came into court and told one of the instructing attorneys that he is asking for an adjournment, that was the first I heard of it thirty seconds before Your Lordship came in and I thought that My Learned Friend

... / must

must be joking. With the greatest respect, there is no reason for this application. I know of Your Lordship's difficulty that Your Lordship cannot force the State to go on and other than possibly express Your Lordship's displeasure, but certainly, if they have not got witnesses today, they can have some witnesses available at 14h00. They can most certainly have witnesses available tomorrow morning. We have been told and I think Mr Fick informed Mr Tip that the passages are almost - that their schedule of passages is almost ready . If the State is going to draw Your Lordship's attention to that and if the information given to Mr Tip is correct, then by all means let us do that. Let us have our attention drawn on what the State is going to rely on so that we may start preparing our own case, if we are to go on to our case. That is my respectful submission there is no warrant for granting the adjournment.

MNR. FICK : Hierdie laaste stukkie is vir my 'n verrassing dat ek vir mnr. Tip gesê het ek is amper klaar met die goed.

HOF: Wel, u het darem seker genoeg gedoen dat ons 'n dag kan besig bly.

MNR. FICK : Dan sal ek net die dokumente en die tipe inligting wat die Staat gedoen het moet gaan kry. Ek het dit nie hier nie.

HOF : Waar is die dokumentasie?

MNR. FICK : Deel van hulle is op die plek waar ons bly.

HOF : Ons sal dan 14h00 voortgaan daarmee. U kan die dokumentasie gaan haal. We feel that we can use our time better by working on this case than sitting around here and waiting for Mr Fick to get his records together. Ons gaan vir u 'n uitstel gee tot môre-oggend 09h00. U gaan nie weer 'n uitstel kry nie. U moet sorg dat u u video's reg kry en u moet sorg

... / dat

dat u u rekords reg kry en u kan môre-oggend begin vir ons voorlees wat van belang is in die dokumentasie.

HOF VERDAAG TOT 29 APRIL 1986.

- - - - - - - - - - -

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-10-72**
*Document Title:-* **Vol 72 p 3827-3860. Witnesses: van Niekerk, Modise, Mgcina, Sekokane, Nkhiwane**